# KLIPKERK LICHTENBURG

## *Wêreldfokus Nuusbrief*

**Desember 2024**

*"Heerlikheid en glorie behoort aan God, wat in die hoogste hemel is en daar is vrede vir die mense in hierdie wêreld in wie God vreugde vind."*

*Luk 2:14 NNT*

*'n Jaar van Geleenthede*

LICHTENBURG KLIPKERK

Liewe Broers en Susters,

Baie dankie vir julle liefde
en ondersteuning in die jaar
en vele jare wat verby is.
Ons waardeer julle elkeen opreg.
Mag die Here julle seën.
Mag Sy barmhartigheid, vrede
en liefde in oorvloed aan julle
geskenk word.

# Lofsang in die Nuwe Môre

"Toe het God gesê: *'Laat daar lig wees!'* En daar was lig." En dit was goed.
Lofsang kon in die hemel opklink. So het die engele gedink, toe die begin van die mens aanbreek.

Wat toe gebeur het, weet ons en dit bedroef ons. Maar daar is 'n nuwe môre, gebore uit die Kersnag. Dit is wel nog donker. Die wêreld gaan skynbaar gewoon sy gang.

Maar die engele sien die Kind, weer 'n Adam, weer 'n beeld van God, 'n nuwe begin. Een van hulle is gestuur om dit aan die herders te vertel. En die ander engele haas hulle om saam te sing. 'n Hemelse sangkoor in die donker nag.

Die engele buig oor die versoendeksel om die wonder van die bloed ter versoening te sien. Hulle begryp dit nie, maar begeer om te verstaan. Dat God groot dinge doen, as Hy die wêreld voorberei vir die mens, en nog groter dinge as Hyself die mense-wêreld binnetree, dit sien die engele. Hulle sing lofliedere, wanneer die aarde sy fondament kry, sou hulle dan nie sing wanneer die Seun van God die aarde betree nie? Dit is asof hulle Hom, wat die hemel verlaat, vergesel; 'n singende begeleiding.

Maar hul sang in die hemel voor God se troon, toe daar nog geen mens was om dit te hoor nie, word in hierdie nag 'n boodskap aan die herders. En verder sal die sang uitkring, die engelelied, oorgeneem deur mense en 'n boodskap aan miljoene wat Kersfees vier, of aan hulle wat die Evangelie op die Fees hoor.

Daar breek 'n blye môre aan, 'n dag van belofte: Jesus Christus begin 'n nuwe skepping. Daarom sing die Môrester in die nag.

***

Bron: *"Het Woord Vandag,"* N Warner. N.V.Uitgeversmaatschappij de Graafschap—Aalten. p92



# Geseënde

# Kersfees!






Ons bid spesiaal vir Marlee Volschenk waar sy ernstig siek is. Ons bid ook vir `Dries en hul kinders.









